

VERANTWOORDELIKE EVANGELISASIE IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD: 'N TEOLOGIESE REFLEKSIE

*Prof M Nel
Sentrum vir Kontekstuele Bediening
Universiteit van Pretoria*

ABSTRACT

RESPONSIBLE EVANGELISM IN THE PRESENCE OF GOD: A THEOLOGICAL REFLECTION

Evangelism never was a popular concept or ministry. Two of the critical reasons for this might be the lack of real theological reflection on Evangelism from a holistic missional perspective on the one hand and, on the other hand, the way in which it has often been done. This research only mentions and summarises some of these approaches. The purpose is to explore a theological approach from the vantage point of the incarnation. A second departure point is taken about the important role that discipleship, within a Kingdom perspective, plays in the making of disciples as evangelism. While the implications for methodology are not spelt out in any detail, such implications are in a sense logically implied.

1 INLEIDEND

Evangelisasie was nog nooit 'n gewilde begrip en bediening nie. Die "E"-woord val swaar op die kerk se oor. Die redes hiervoor is baie. Die doel van hierdie artikel is nie om hierdie redes te beskryf en beoordeel nie. Guder (2000:97-141) se in-diepte beskrywings van wat hy "reductionisms" noem, help baie om die agtergrond vir die vervlakking in die teologie en praktyk van evangelisasie te verstaan - asook die gepaardgaande weerstand daarteen. Daar is genoeg rede om die oorsaak ook te soek by die manier waarop evangelisasie oor jare heen verstaan is. Gedurende die koloniale era is evangelisering

so dikwels paternalisties verstaan as die “kerstening” van heidene. Hierdie verstaan vanuit die sendingwetenskap van daardie tyd reflekteer uiteindelik ook negatief op evangelisasie as evangelisering naby aan die huis (vgl vir 'n baie volledige beskrywing van die historiese paradigmas Bosch 1991:181-348; ook Berneburg 1997:24-234). Voeg hierby die teologiese debatte wat die raamwerk vir die “kerugmatiese benadering” ook in evangelisasie vorm. Evangelisasie is verder ook dikwels byna uitsluitlik en eensydig soteriologies verstaan, naamlik as die redding van die individu. Vir byna sestig jaar word daar doelgerig gewerk in die rigting van wat vir eers net 'n meer holistiese benadering genoem kan word. Die tyd is waarskynlik ryp om steeds en nog meer pertinent te argumenteer ten gunste van 'n teologies gefundeerde inkarnasionele benadering in evangelisasie. Die doel van hierdie artikel is om vanuit hierdie hoek teologies oor evangelisasie te reflekteer.

2 PROBLEEMSTELLING

Die probleem kan soos volg geformuleer word: Die teologiese onderbou van evangelisasie is meermale swak en die motivering onderverdenking. Dit lei tot evangelisasiebenaderings, selfs metodes, wat neerkom op

- die manipulering van mense
- ontrouheid aan Bybelse vertrekpunte
- verskraalde soteriologie
- gebrekkige ekklesiologie
- miskenning van kontekstualiteit en gepaardgaande kulturele onsensitiwiteit
- eensydige doelstellings
- arrogansie teenoor aanhangers van ander godsdienste
- verwarring van die wêreld, die adres van God se liefde in Christus

3 TEOLOGIESE REFLEKSIE

My uitgangspunt in hierdie artikel is dat wanneer die teologie van evangelisasie herformuleer word vanuit die inkarnasie van Christus, dissipelskap van Christus en die werklikheid van die gekome en

komende koninkryk gelowiges korporatief en individueel op 'n nuwe manier by die wêreld as adres van God se liefde betrokke kan raak, waarde toevoeg aan die lewens van mense en herontdek die geloofsgemeenskap terselfdertyd hulle bestaansdoel as missionêre gemeente. Ook ten opsigte van evangelisasie is dit waar dat ons moet “herontdek om te kan herstel of herwin”. Hierdie twee werksaamhede is soos Osmer (1990:141), ten opsigte van die onderrig taak van die kerk, tereg opmerk nie dieselfde nie: “Rediscovery is the activity of discerning once again the meaning and power of tradition that has been repressed or forgotten. Recovery goes further. It involves the positive evaluation and appropriation of that tradition, using what has been rediscovered to structure present patterns of thought and action”. Dit is inderdaad wat die skrywer hiervan onder reformasie verstaan.

3.1 Enkele bekende beskouings¹

Prill (2005:309) vertel die verhaal van 'n persoon wat by geleentheid vir die bekende DL Moody gesê het dat sy nie van sy metode van evangelisasie hou nie. Hierop het Moody geantwoord dat hy ook nie van sy eie manier van doen hou nie en gevra hoe sy dit doen. Die dame het geantwoord: “Ek doen dit nie”. Hierop antwoord Moody toe: “Then I like my way of doing it better than your way of not doing it”.

Hierdie storie vertel baie van hoe evangelisasie pragmaties beskou en benader is. En daar is waarheid in Moody se antwoord. Die vraag is of dit beter is om dit nie te doen nie as om dit “verkeerd te doen”? En kan verkeerde metodes maar geduld word solank iemand dit net doen? Of sit daar altyd teologie agter *hoe jy doen wat jy doen*? Prill (2005:309) dink dat juis modelle of definisies van evangelisasie aan die hart van elke teologie van evangelisasie lê. Dit is ook andersom waar en miskien meermale so: agter elke model en definisie lê 'n teologie van evangelisering van die wêreld (vgl ook Van der Walt 1985:1-13, 270-314).

Die mees bekende teorie word meermale die *proklamasie “mode”* of *kerugmatiese “mode”* genoem. Die bekende J I Packer

1 Die geskiedenis van al hierdie beskouings is 'n studie op sigself. Hulle word hier, met enkele opmerkings, net genoem. Vir 'n meer uitgebreide vermelding en beskrywing vgl Vercuul (1978:21-41).

word die mees prominente kontemporêre eksponent van hierdie benadering genoem. “Evangelism is just preaching the gospel, the evangel. It is a work of communications in which Christians make themselves mouthpieces of God’s message of mercy to sinners” (Packer 1961:41). Die kommunikasie van die evangelie bly in evangelisasie ononderhandelbaar. Die swakheid van die benadering lê op twee terreine: die eensydigheid daarvan en debatteerbare aanvaarding dat bekering die einddoel van evangelisasie is. Jy sou dit 'n metodologies en teleologiese tekort in die benadering kom noem.

'n Ander bekende benadering is “*power evangelism*”. Wimber (1990) se argument is dat Jesus self hierdie model gebruik het en dat Christene dit daarom ook moet doen. Die benadering plaas baie klem op die werk van die Heilige Gees. Een van die baie tekortkominge in die benadering is die beperkte koninkryksbeskouing waar alle fisiese en psigologiese probleme simplisties as van die satan beskou word. Newbiggin (1995:35) skryf dat Jesus getuienis dra “of the presence of the reign of God, not by overpowering the forces of evil, but by taking full weight upon himself”.

'n Derde benadering is wat Hendriks (1998:29) noem: “*EEIII*: die bekendste en “gewildste” evangelisasiekursus”. Die vader hiervan is Dr D. James Kennedy wat in 1970 sy bekende werk hieroor laat verskyn. Die benadering val waarskynlik binne wat Prill (2005:212) noem die “*witness model*”. By al die positiewe wat al hieroor geskryf is (soos die klem op die lidmaat as getuie, die gemeente se rol ens.) bly dit waar dat dit 'n *metode* is wat deur teologiese uitgangspunte geleit word. In die eerste paragraaf van die boek self is 'n kant opskrif: “readily transferable techniques” (Kennedy 1970:1). Hendriks (1998:30) voeg by: “Die metode kan verkeerd gebruik word.”

Die bekende “*social gospel-model*” waarvan Walter Rauschenbusch as vader beskou word is reeds sedert 1917 bekend. Dit gaan natuurlik verder terug. Rauschenbusch (1997:45-50) beskou alle sosiale en politieke magte as sondig en omdat kapitalisme op hierdie magte gebaseer is, is dit 'n sondige sisteem. Die grootste evangelisasietaak van gelowiges en van die kerk is daarom om mense van die sondigheid van hierdie magte te oortuig en om die begeerte aan te wakker om die gemeenskap van hierdie magte te bevry. Hierdie verlossing kan slegs bereik word deur intensiewe dae van liefde, naamlik deur 'n kollektiewe aksie van die gemeenskap om die ekonomiese orde te verander (vgl ook Rauschenbusch in Atherton 1994: 181). Die groot beswaar hierteen was nog altyd die byna uitsluitlike horisontale verstaan van

verlossing. Wat wel waar is, is dat hierdie benadering teoloë en kerke gedwing het om rekenskap te gee van verband tussen sosiale werklikhede en die evangelie van die koninkryk.

'n Laaste beskouing wat hier genoem word is die “*Church growth-model*”, waarvan C A Schwarz waarskynlik tans die bekendste eksponent is. Hoewel hy baie geskryf het, is sy *Natural church development handbook* (1998) waarskynlik die mees bekende van sy werke. Die benadering het baie winste soos die beklemtoning en ontwikkeling van dissipelskap. Prill (2005:313) verwoord die mees algemene besware en bedenkinge so: “The great danger of this model is that numerical growth becomes the primary goal of the church. Also, it can foster the belief in human principles and thus reduce ‘the role of the Holy Spirit to that of a social caretaker’” (sien ook Moreau 2001:260).

3.2 Is daar 'n weg ...?

3.2.1 Die inkarnasie as vertrekpunt

God soek na die mens wat Hy geskep het en ontmoet die mens wat Hy soek, daar waar die mens is. Bybelgelowiges bely dat hierdie “soek en ontmoet” in Christus 'n bepaalde hoogtepunt en finaliteit vind. Jesus se ontmoeting met Saggeus is hiervan 'n klassieke voorbeeld (Luk 19:1-10). Volgens die Johannes Evangelie is dit onder andere wat onder die vleeswording van die Woord verstaan word. God kom by ons woon, tent opslaan in ons woonbuurt en binne ons kultuur. Die wêreld is vir Hom so naby soos sy eie aangesig (Joh 1:11). Die inkarnasie is 'n inkom-punt in 'n kontekstuele herontdekking van 'n teologie vir evangelisasie.

Newbigin (1989:97) sluit ook sterk by die vleeswording van Christus aan in sy bespreking van die Bybel as “universal history”: “What is unique about the Bible is the story which it tells, with its climax in the story of the incarnation, ministry, death, and resurrection of the Son of God. If this story is true, then it is unique and also universal in its implications” (vgl ook Newbigin 1986:42-64). Dit was veral Johannes Blauw (1962:15-54) wat hierdie universele sowel as die inkarnasionele karakter van die Ou Testament se verstaan van God se handeling onder aandag gebring het. Twee van sy opmerkings is in hierdie verband belangrik. “The whole history of Israel is nothing but the continuation of God’s dealings with the nations, and that therefore the history of Israel is only to be

understood from the unsolved problem of the relation of God to the nations” (1962:19). “We can call the Old Testament “missionary” only if we abandon the distinction between universalism and mission (1962:30; vgl ook Hilborn & Horrocks 2006:196-218).

In ons herontdekking van hierdie vertrekpunt, herontdek ons ook die outoriteit in evangelisasie. Ons het geen ander “gesag” as God se koms na ons in die vleeswording van sy Seun nie. Hierdie storie het sy eie “self-authenticating evangelistic impact” (Armstrong 1987:53). Teoloë soek na 'n antwoord op die vraag watter reg ons het om “tot ander te preek”? Om na die geskiedenis van die Christelike geloof (die Christendom) te verwys, help nie. Die soms selfs onbewustelike vereenselwiging van die evangelie met die waardes van die koloniserende Weste het ons die outoriteit ontnem (vgl. Newbiggin 1995:12). Die inkarnasie gee ons 'n nuwe “window of opportunity”. Vyf onlangse studies help ons om te sien hoe gemeentes hierdie “outoriteit” weer inkarnasioneel en met integriteit terugwen (vgl Sider, Olson & Unruh 2002; Barrett et al 2004; Brouwer & Pleizier 2005; DeClaisse-Walford 2006 & 2006a; Nel 2006). Newbiggin (1995:14) is reg wanneer hy stel dat ons ook nie hierdie outoriteit terugkry deur te vertel van die nut van die vervulling van ons roeping nie. Dit is ook nie die skrywer se bedoeling met die verwysing na die vyf werke nie. Die gesag van die evangelie gaan terug op Hom wat gepraat en gewerk het soos “Een met gesag” (Mat 7:29): “The authority of Jesus is not derived authority; it is the authority of God himself present in the midst of human history”. Die vleeswording van die Woord is ons “point of entry” (vgl. veral Joh 1:1-18). Die refleksie van Pannenberg (1989:41-58) in hierdie verband moet van kennis geneem word. Hy wys die komplekse aard van hierdie terugvind van integriteit uit, maar sê ook onomwonde dat “Christian theology in the secular world must not give up central elements in God’s transcendence of the world in his salvation or allow them to fade into the background for the sake of assimilation to the secular understanding of reality” (1989:56).

In sy standaardwerk neem Vercuil (1978:42vv) hierdie vertrekpunt vanuit die Hebreërbrief en noem dit “constituerende elemente in de Theologie van de Evangelisasie”. Hy stel dit so: “...in die theologie der evangelisasie (word) vooral *Hebreëen* 3:1 als locus classicus geciteerd (bijvoorbeeld door J.C. Hoekendijk, H.J. Margull e.a.) omdat daarin zowel het subject der evangelisasie wordt genoemd als de wijze waarop de gemeente daarin participeert”. Die primêre fokus van die brief is die eenmalige, volledige en vir altyd

volkome offer van Jesus Christus. Die brief vra daarom aandag vir en fokus op Hom: “Daarom, broers wat vir die Here afgesonder is en deelgenote is van die hemelse roeping, moet julle noukeurig let op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely” (3:1).

Hierdie verwysing na Hom as Hoëpriester, binne hierdie brief, gee uitdrukking aan wat Johannes sy vleeswording noem. Hy het in ons nood ingekom. Die brief self wil juis ook die Joodse Christene begelei om saam met die Christene uit die heidendom “een familie, een huis, een militia Christi te vormen bij de vervulling van de ‘hemelse roeping’ onder de volken” (Vercuil 1978:42). Volgens Vercuil (1978:42) bied die teks ons 'n “drieluik, een triptiek” op evangelisasie:

- Ons sien Jesus wat ons saak syne gemaak het
- Ons sien Hom wat ons saak voor die Vader verteenwoordig
- Ons sien Hom wat doel van ons roeping en bestaan is.
- Vercuil (1978:43) bou die argument verder uit deur te verwys na die verband tussen Hebreërs 1:9 en Hebreërs 3:9. In 1:9 word, met verwysings na die Psalms, die deelname van die Gestuurde aan dit wat God doen, gestel: die salwing tot Koning in diens van dit wat reg is. Met verwysing na die term *metochoi* (*tou Christou*) in Hebreërs 3:1 skryf hy dan dat wie aan Christus deel het ook deelneem aan sy apostoliese en hoëpriesterlike roeping. “Men kan geen “metochos” aan Christus zijn zonder metochos te zijn aan Zijn apostolische roeping (klesis)” (Vercuil 1978:43). Hy verwys dan na die apostoliese vaders (Clemens Romanus, Ignatius en Polycarpus) wat ook die begrip *metochos* so gebruik het.

Juis hierdie teologiese vertrekpunt het in evangelisasie verlore geraak. Om die een of ander rede neem arrogansie maklik by ons as gelowiges oor. Christene wil van hierdie afgehandelde versoeningswerk vertel sonder om vlees te word onder mense. Hoewel daar 'n eenmaligheid ten opsigte van Christus se vleeswording is, is daar ook in sy vleeswording 'n bekendwording (weer eens) van hoe God werk. Hy kom “in die vlees” na mense. Dit is “dit wat God wil laat gebeur” (die woord wat nuut skep) wat vlees word. Van Ruler se begrip van theonome resiprositeit, binne sy pneumatologie, sluit hierby aan. God werk organies in Christus en Hy werk nog steeds so deur die Gees.

There is reciprocity between God and humanity, but it is a *theonomous reciprocity*. In this relationship there is a continual back-and-forth movement between authority and autonomy. This back-and-forth movement is precisely what is characteristic of the work of the Spirit.... What it is all about in the final analysis is this: humanity, in all the aspects of salvation, in the kingdom of God, in the relation of the world to God, knows, will, and acts *with God*

(Van Ruler 1989:80-81).

3.2.2 *Die koninkryk as vertrekpunt*

Bogenoemde aardsheid van die teologie van die inkarnasie in evangelisasie vind uitdrukking in die Bybel se boodskap oor die koninkryk van God. Tereg skryf Armstrong (1987:62) dat “... this powerful concept, has been unfortunately neglected in the teachings of many churches”. Sy eie definisie van evangelisasie soos in 1979 ontwikkel (1987a:15) en dié van Verkuil (1978:51) is van die eerstes waarvan die skrywer hiervan weet wat direk die begrip “koninkryk van God” in die definisie insluit. Dit is ook waar van die definisie van die New Day Dawning-verslag van die Prebiteriaanse Kerk in die VSA: “Evangelism is introducing people to the Kingdom of God...” (Soos aangehaal deur Armstrong 1987a:14). Drummond wat reeds sedert 1972 vanuit sy tradisie oor evangelisasie nadink en skryf, bespreek in 1992 (254-288) die begrip “koninkryk” onder “key Biblical words in evangelism”. In die uitwerk daarvan gaan hy in op, wat hy noem, die doel van die koninkryk: “individual reconciliation” (1992:263) en die “conditions for entering the Kingdom of God” (1992:267f). In 'n latere werk (2002:99-118) in 'n hoofstuk oor “A biblical theology of evangelism” behandel hy die ander (en belangrike) komponente, maar bespreek nie die kernbetekenis van hierdie koördinerende *begrip*, naamlik die Koninkryk van God, in evangelisasie nie. Sou dit wees dat selfs in 2002 daar nog die bekende verwydering tussen “evangelicals” en “ecumenicals” merkbaar is?

Dit is nie hier die plek om breedvoerig oor die betekenis van die koninkryk te handel nie. Kortliks word verwys na die verband tussen die koninkryk van God en die *shalom Jahve* in die Ou Testament. Wat breek nou eintlik deur in en met die koms van die koninkryk in Christus? Heil breek deur: die vryspraak van sonde is 'n werklikheid,

versoening en herstel van verhoudings met God en mens is moontlik, God-verlatenheid is opgehef, die magte wat die lewe van mense “fnuiken” soos dood, sonde en “demone” het nie meer die laaste sê nie, vrees vir die magte kom tot 'n einde. Mense dien God omdat hulle vry is en nie omdat hulle bang is nie. Die Koning is Vader en roep tot diens wat bevrydend is

to loose the chains of injustice,
and unite the cords of the yoke,
to set the oppressed free
and break every yoke?
Is it not to share your food with the hungry
and to provide the poor wanderer with shelter -
when you see the naked, to clothe him,
and not to turn away from your
own flesh and blood (Is 58:6-7)

Dit is die voortdurende ontdekking van die radikaliteit en die aardsheid van die koninkryk wat ons ook help om die doel van evangelisasie te herontdek. Wat bring Christus wat ander godsdienste nie ook maar kan bied, of selfs beter bied nie? In 'n artikel bedoel om die agenda van 'n 1984-konferensie van Britse Kerke se agenda te bepaal skryf Newbigin (1983:56-60) dat die volgende vrae op ons tafel is: “... what it means to be a human person, what is the goal of human life, ...what is our vision of the future...”. Sy laaste vraag raak die vraag na ken en kennis. Hoe benader ons “weet” in die toekoms?

Dit is die boodskap van die evangelie van die koninkryk wat die navolging van Christus anders, selfs uniek maak. Dit is die verlossingsleer van die Skrifte. Enigiets wat hier weggelaat word, begin om die evangelie tot 'n karikatuur te omvorm. Dit is juis hier waar kortpaaie tot “evangelisasiesuksesse” die begin van langtermynmislukkings is. Evangelisasie vanuit hierdie perspektief omvat die hele lewe, want dit staan in verband met die totale Ryk van God (vgl. Verkuil 1978:19). Binne hierdie verstaan is dit moontlik om twee waarhede tegelyk vas te hou: dit gaan basies om 'n nuwe en lewegewende verhouding met die Koning *en* om 'n betrokkenheid by die verweefdheid van getuienis, gemeenskap, diens en bevordering van die reg van God. Hierdie laaste dimensie word dikwels verwar met die “social gospel”-benadering. Armstrong (1979:58) was binne die konteks van sy tyd reg deur te sê “social action is the natural consequence of service evangelism, but not vice versa ... It is not

possible, in my opinion, to be meaningfully involved in *service* evangelism without being involved in social action”. Vercuil (1978:19) eindig 'n paragraaf met dieselfde strekking so: “Niet woorden en argumenten zijn het zaad van het Rijk Gods, maar de kinderen des Koninkrijks zelf, verstrooid over de aarde en gezaaid in het veld” (vgl. ook Nel 2000:69-75 vir 'n kort refleksie hierop binne die doel van Jeugbediening). In die woorde van Blauw (1962:43): “the evangelization of the world is not a matter of words or of activity, but of presence: *the presence of the people of God in the midst of humanity, the presence of God among His people*”. In Vercuil (1978:51) se omskrywing van evangelisasie beklemtoon hy hierdie omvattende betrokkenheid van die gemeente by die kommunikasie van die evangelie van die Koninkryk van God vanuit die hele gemeente in sy eie omgewing deur die kommunikasie van die evangelie, deur gemeenskap, deur diens en “door participatie in die worsteling om gerechtigheid”. In 'n latere bydrae skryf Vercuil (1993:72): “A Kingdom-centered theology worthy of its name is concerned with every aspect of life and society. Often in the history of the church and theology Jesus has been - and in some cases continues to be - proclaimed *without* His Kingdom. ...The kingdom addresses itself to all human need, both physical and mental” (vgl. ook Berneburg 1997:200f; Ekström 2003:292-305).

Bosch (1991:10-11) se bekende verwysings na “mission” as tegelyk God se “ja” vir die wêreld en sy “nee” vir die wêreld bou op 'n verstaan van die koninkryk en van die *Missio Dei*. In sy 1993-bydrae in die werk van Van Engen en ander trek hy 'n konklusie dat “in the long run, a society, any society, can only survive if it can rely on the assumed virtue of its citizens. This means that even a pluralist or secularist society will *remain* dependent upon the witness and existence of believers, that is, of persons whose integrity and good conduct can be relied upon. It is only a shared moral vision that can hold society together (cf. Walzer 1966:302f). If we can continue to contribute to this vision, our mission will be a blessing to all” (Bosch 1993:95).

Bradshaw (1993) noem en beskryf *sjalom* as die brug tussen ontwikkeling en evangelisasie. Die evangelie van die koninkryk het inderdaad te doen met: “Contextualization, Education: Liberating and empowering people, caring for creation, economics, healing, holism, transformation”(Bradshaw 1993:49,87,99,113,125,151,163). In die woorde van Newbiggin (1995:30f) en om uitdrukking te gee aan die Trinitariese verstaan van die evangelie van die koninkryk “...

mission is... Faith in action (proclaiming the Kingdom of the Father), Love in action (Sharing the life of the Son), Hope in action (Bearing the Witness of the Spirit" (vgl. ook Bosch 1991: 498-510 se beskrywing van "Mission as Action in Hope").

Hierdie teologiese vertrekpunt (*sjalom* soos dit in die koninkryk gestalte vind) gee hande en voete aan evangelisasie. Dit behoort ons na twee kante af te grens en te bewaar: van 'n teologie wat klink asof dit in die hemel geskryf is en aan die ander kant van 'n praktyk wat miskien uit 'n ander plek kom. Prakties-teologies gesê: dit bring teologiese teorie en praktykteorie bymekaar. Daar mag immers nie wegkruipplek gebied of geskep word nie vir gemeentes met teorie sonder praktyk of andersom. Evangelistiek sonder teorie van praktiese kommunikasie is die beskrywing van 'n skip wat in die dokke lê (vgl. Verkuil 1978:51). Hunsberger (1998:113f.) koppel in sy bespreking van Newbiggin, laasgenoemde se teologiese verstaan van die koninkryk aan "the clue to the Meaning of History" (1998:114). Was dit nie nog altyd die begrip wat die uitdrukking wou gee aan God se kultureel kontekstuele teenwoordigheid in sowel 'n sekulêre en pluralistiese wêreld nie?

Dit is my oortuiging dat Gibbs (2000) se beskrywing van "ten quantum changes in how we do ministry" onder die een noemer van "die herontdekking van die betekenis van die evangelie van die koninkryk" geplaas kan word. Hy reflekteer juis hierop in sy bespreking van die tweede verandering wat hy waarneem naamlik van "market driven to mission oriented" (2002:36-64). Dit is in hierdie verband dat hy (Gibbs 2002:51).byvoorbeeld die komplekse werklikheid van kontekstualisering bespreek: "

The choice facing the church is not between assimilation and isolation. It must see beyond that dilemma, moving towards a position of critical contextualization. This complex task is further complicated by the fact that the church itself is immersed in the culture. This means that it is both the subject examining the situation and the object of that examination. The missional church recognizes the dynamic interplay of church, gospel and society

4 **TEOLOGIESE GEVOLGE VAN TWEE VERTREKPUNTE**

4.1 **DISSIPELSKAP EN DISSIPELERING**

Die verlies van hierdie insig hou verband met die verskraalde verstaan van bekering as doel van evangelisasie. Prill (2005:314) verwys na Abrahams (2001:103) wat in die plek van die ander modelle pleit dat “evangelism should be construed as initiation into the kingdom of God”. Hierdie benadering is 'n poging om weer die Bybelse verstaan van dissipelskap terug te bring in ons verstaan van evangelisasie. Dit is die rol wat die kategeese in die vroeë kerk gespeel het, naamlik inlywing in die gemeenskap van navolgers (leerlinge) van Christus. Aksies in hierdie verband sluit in: verkondiging van die evangelie, die oproep om berou te hê, te bely en in Christus te glo, basiese onderrig in Christelike teologie en waardes, die doop en deelname aan die geloofsgemeenskap.

Dit gaan dus om 'n teologiese verstaan van die gemeente as 'n gemeenskap van dissipels en as 'n dissipel-gemeenskap, met geweldige implikasies vir die ekklesiologie. Die gemeente is nie maar net mense wat “gekies” het vir Christus nie, maar mense wat Hom volg (omdat hulle gekies is). Juis om hierdie rede leer hulle van Hom hoe om nuwe mense te wees in hulle eie wêreld. Dit het minstens tot gevolg:

- “Verlossing” word persoonlik sowel as korporatief, fisies sowel as geestelik verstaan. King (1996:83 soos aangehaal in Prill 2005:323) vertel die verhaal van 'n werker van die Salvation Army wat saam met 'n biskop in 'n trein gereis het. Na 'n rukkie het die werker hom verplig gevoel om vir die biskop te vra of hy gered is. Die biskop se antwoord het hom redelik onkant gevang: “It depends what you mean. I have been saved, I am being saved, and I will be saved”.
- Bekering is sowel 'n keuse as 'n proses. Navorsing wys in die rigting dat mense oor 'n langer tyd gelowiges word. Terwyl bekering lank as daardie omdraai op 'n bepaalde oomblik verstaan is, is daar al meer klem op die proses. “In other words, finding faith is seen as a process and not as an event” (Prill 2005:327; vgl. ook Booker 2003:4; Moynagh 2001:113). Dit pas in by die herontdekking van die teo-

logiese perspektief van dissipelskap binne evangelisasie. Binne die gereformeerde tradisie word bekering ook verstaan as keuse en as proses van danksegging vir die heil (vgl. Heidelbergse Kategismus, Deel 3).

- Dit is betrokkenheid by 'n gemeenskap van dissipels wie se eerste besigheid die ywerige soek van die koninkryk is. Dit relativer die gemeente/kerk as 'n gemeenskap sonder eie belange. Dit beklemtoon die relevansie van die gemeente/kerk aan die ander kant as verkore agent van die koninkryk. Dit lei tot nederigheid by almal wat as dissipels self nog tot bekering kom en tot egte dankbaarheid dat juis hierdie dissipels in proses deelneem aan die proses van dissipelering. Hierdie navolging omsluit die heelwordende lewe van mense wat by Hom heelheid gevind het. Evangelisasie vanuit dissipel- en koninkryksperspektief wil holisties verstaan word: dit is omvattend en help mense om geïntegreerde lewens terug te vind en lewenslank daaraan te bou (vgl. Verkuil 1978:50).

Dit is in hierdie verband belangrik om 'n oomblik stil te staan by die Nuwe Testamentikus Andries van Aarde se openingsrede (2006:103-122) by die opening van die Hervormde Teologiese Kollege, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, Januarie 2006. Hierdie goed gedokumenteerde artikel kan nie in die beperkte ruimte hier volledig verdiskonteer word nie. Enkele opmerkings oor die belang van die insigte vir die onderwerp onder bespreking is ter sake.

- 1 Die gemeente moet haarself anders verstaan. Aansluitend by insigte van talle ander skryf Van Aarde (:105) dat ons “in vandag se wêreld nie te doen het met ons hier en die heidene/ongelowiges daar nie. Die indeling van mense tussen “gelowiges” en “ongelowiges” is te gekompliseerd om so 'n eenvoudige onderskeid te tref”. Hy verwys dan onder andere na MacLaren (2000:121-143) wat na die tradisionele “buitekerklikes” verwys as “the church on the other side”. Blauw het dit reeds raakgesien in sy refleksie op die Ou Testament: “*All the emphasis falls on the fact that the world of nations is a gift to the Messianic Servant; there is no reference here to the world as a “mission territory” of the Servant*”.
- 2 Volgens Van Aarde wil Matteus ons help om te verstaan dat dissipels mense is wat nie “in” is omdat hulle reg gedoen het

nie. Die Ou Testamentiese verstaan van die verbond word in die dissipelskapterminologie vasgehou. God het ons ingebring en binne onthou ons dit. Die begrip van God se geregtigheid word dan behandel. Dit is God “wat regstellend handel deur reg te maak toe Israel nie in staat was om die wat buite was, in te bring nie”(2006:110). Dit is juis die boodskap van Matteus dat hierdie “outsiders”, mense van wie niemand kennis neem nie, as egte “outsiders” die koninkryk beërf (vgl. die rol wat Mat 5:3 in die verklaring van die Evangelie speel). Van Aarde (2006:111) stel dit so: “Wat betref die inkom in die kerk deur die sogenoemde “outsiders”, dink Paulus en Matteus dieselfde, hoewel uitgedruk op eie genuanseerde wyse”. Dit is hierdie dialektiese waarheid van wat dit beteken om tegelyk “oud” en “nuut” te wees wat in die verstaan van die gemeente verlore gaan wanneer die evangelie en kerkwees kulturele goed word. Van Aarde verwys dan na Barth (1932:206) se oproep aan gelowiges “tot 'n dialektiese spanning om nooit die evangelie gelyk te stel aan kulturele konvensie nie, om nie sending as kultuurpropaganda te sien nie - net soos Paulus in Romeine 10:3 van Israel vra om nie eie-geregtigheid God se geregtigheid te noem nie” (2006:112).

- 3 Van Aarde (2006:112-113) merk dan op dat dit juis hierdie soort sensitiwiteit is wat ons in die “groot sendingopdrag” kry. “Die opdrag is “groot” want dit is nie net die uitspel van Jesus se “groot” liefdesgebod nie, maar eintlik die samevatting van die hele Evangelie van Matteus. Die inklusiewe karakter van kerkmense se gesindheid kom tot uitdrukking in die vier keer herhaling van die woord “hele” in die groot liefdesgebod....Dieselfde vier keer herhaling kom voor in die “groot” sendingopdrag: *alle* mag, *alle* mense, *alles* doen, *altyd* Immanuel”. Matteus 28:16-20 is al beskryf as die *manifesto* van die kerk - 'n *manifesto* wat op dieselfde vlak van waarde lê as die *Shema* van Israel ... Hierdie *manifesto* wil vir ons sê hoe nuut anders ons moet dink oor hoe mense inkom en hoe mense binne bly”. As afsluiting van die Evangelie (waar die twaalfal reeds elf geword het) dien die opdrag om ons te herinner aan die gebrokenheid van die wat binne is. “Dit is sulke struikelende mense wat die *manifesto* aanhoor. En wat in ons ore eggo, is die ambivalensie van om te *glo* én tegelykertyd te *twyfel*.”
- 4 Volgens Van Aarde (2006:114-117) help Matteus ons om hierdie teenstrydigheid te begryp. Die werkwoord “*gaan*” word

nie gebruik as selfstandige werkwoord nie, en word nie as opdrag verstaan nie. Dit is soos “Gaan en eet. Die klem lê op die imperatiewe vorm van die hoofwerkwoord: maak dissipels (*matheteusate*), maak die kerk een groot skool van Jesusvolgelinge”. Ons word geroep om die anderkant-mense, die nog-nie-kerk-mense nie, of “the church on the other side” nie uit die oog te verloor nie.

- 5 Samevattend sê Van Aarde (2006:117-118) dan: Die groot sendingopdrag berus op twee pilare: Die een om self jou eie ambivalensie raak te sien. Jy glo, maar sukkel om te glo. Dit gaan daarom dat jy jou eie onvermoë sal insien, sodat jy alleen op genade kan bou. Wanneer jy hierdie siening internaliseer, sal jy nie diegene wat jy as buite beskou, met negatiewe vooroordele benader nie. Jy is ook soos hulle. Die tweede is om wat Paul Tillich (1948:118) die “protestantse beginsel” genoem het, ernstig te neem. ... Die Protestantse beginsel is die moed om alle tradisies, kultureel en kerklik, aan evangeliese kritiek te onderwerp. Dit beteken om jouself in die wêreld te sien, maar nie as so deel van die wêreld dat die wêreld se reëls die evangelie word nie. Dit kan alleen, indien jy die *manifesto* van Jesus - wat Paulus die “wet van Christus” noem - in die sentrum plaas. Dit is naamlik om God lief te hê en die een naas jou soos jouself”. Deel van die hantering van hierdie dialektiek is om al meer bewus te wees en te wete te kom van die pluralistiese wêreldbewussyn waarvan elke gelowige en die gemeente as sodanig deel is. Dit word ook al makliker namate die lidmate van gemeentes in hierdie bewussyn opgroei. Hulle is daar deel van. Dit is hulle bewussyn (vgl. Schweitzer 2004; Newlands 2004).

4.2 Paradigmaskuif: Word dissipels met diens as kernwaarde

Die teologiese geloofwaardigheid van evangelisasie kan herstel word, die sin daarvan herontdek word en die bediening herstel word wanneer beide teologie en geloofsgemeenskap bogenoemde paradigmaskuif meemaak: Van gemeente met 'n opdrag tot aflewering van 'n boodskap tot nederige diens in diens van die evangelie: maak dissipels van alle nasies. Mense kan terug-gedien word - na Hom wat die lewe aan mense teruggee (vgl. Nel 2002:65-87). By en in Hom “the true meaning of the human story has been disclosed. Because it is true, it must be shared universally” (Newbiggin 1989:125). Song

(2006:255-262) dui aan hoedat “discipleship in context” self vir die keuse en ontwikkeling van pedagogiese materiaal implikasies het, juis omdat dit behoeftegedrewe en “receptor-centered” (2006:262) is.

Dit is immers die goeie nuus van die Een wat gekom het nie om gedien te word nie, maar om te dien. Vercuil (1978:18) het dit reeds raakgesien: “Het is je voortdurend heroriënteren in je denken, in je emoties, in je gerichtheid, zodat daaruit een nieuwe levensstijl, een nieuwe manier van zijn, en nieuwe gedrag ontstaat van dag tot dag”. Volgens Armstrong (1979:38) is dit die bewys van die integriteit en kwaliteit van ons dissipelskap. Dit is die metafoor wat by uitnemendheid die missie van die kerk uitdruk. Ons missie is om dienaars van Christus te wees en te word. Dit is moeilik. Die lewensverhaal van Steve Sjogren (1993) demonstreer hoe kompleks dit is, maar ook hoe God se liefde deur daade van vriendelikheid bewys word. Sy definisie van “servant evangelism” is: “Servant Evangelism = deeds of love + words of love + adequate time” (1993:22) of “demonstrating the kindness of God by offering to do some act of humble service with no strings attached (1993:17-18). Bekering tot dienaar is meer as 'n besluit om diens te lewer. Dit is 'n verandering in die verstaan van wie ons is. Dit het met die herontdekking van identiteit te doen. Ons is nie net tot diens geroep nie. *Ons is dienaars* wat tot diens geroep is, “gedwing” deur die liefde (vgl. die radikale boodskap van 2 Kor 5:11-21).

Die titel van die boek van Guder naamlik *The continuing conversion of the church* dui ook op die radikaliteit van hierdie paradigmaskuif. Die implikasie van missionale teologie is inderdaad die bekering van die kerk (2000:143f). Of soos hy (2000:26) dit stel: “Evangelizing churches are churches that are being evangelized. For the sake of its evangelistic vocation, the continuing conversion of the church is essential”. In die woorde van Newbigin (1989:227) “ I am suggesting that the only answer, the only hermeneutic of the gospel, is a congregation of men and women who believe it and live it”. Dit is juis waarom dit in die opbou van 'n missionêre gemeente gaan (vgl. Nel 1994; 2004). Michael Green het reeds in 1990 'n boek van 574 bladsye laat verskyn onder die titel *Evangelism through the local church*. Die hoofstuk oor “Evangelism in a multi-faith society” is vir ons onderwerp van besondere belang (1990:43-78). Vir enigiets in ooreenstemming met die evangelie van die koninkryk moet hierdie gemeente verander tot “een groot skool van Jesus-volgelinge” (Van Aarde 2006:114; vgl. ook Weth 1998; Drescher-Pheiffer 2001).

5 SAMEVATTEND

Om die bediening van evangelisasie aan die gemeente as verteenwoordigers van God in sy wêreld terug te gee as 'n bediening wat die gemeente verstaan en geniet, vra na meer as die invoer van nuwe tegnieke. Dit vra 'n teologiese paradigmaskuif. Dit is inderdaad 'n “quantum change” (Gibbs). Of om die titel van Bosch (1991) se bekende boek te gebruik: “transforming mission” vra “paradigm shifts in theology of mission”. Die vraag is of die kerk in Suid-Afrika vir hierdie duur reformasie kans sien, die proses van “rediscovery in order to recover” (Osmer).

BIBLIOGRAFIE

- Abraham, WJ. 2001. *The logic of evangelism*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Armstrong, RS. 1979. *Service evangelism*. Philadelphia: Westminster.
- Armstrong, RS. 1987. *Faithful witnesses. Leader's guide*. Philadelphia: Geneva.
- Armstrong, RS. 1987a. *Faithful witnesses. Participant's book*. Philadelphia: Geneva.
- Atherton, J. 1994. *Social Christianity*. London: SPCK.
- Barrett, LY. et al. 2004. *Treasure in clay jars. Patterns in missional faithfulness*. Grand Rapids: Eerdmans. (The Gospel and Culture Network.)
- Barth, K. 1932. Die Theologie und die Mission in der Gegenwart. *Zwischen den Zeiten* 10 189-215.
- Berneburg, E. 1997. *Das Verhältnis von Verkündigung und sozialer Aktion in der evangelikalen Missionstheorie*. Wuppertal: Brockhaus.
- Blauw, J. 1962. *The missionary nature of the church*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Booker, M. 2003. Mision, evangelism and the church of God in Booker, M & Ireland, M (eds.) *Evangelism - which way now?* London: Church House Publishing.
- Bosch, DJ. 1991. *Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission*. Maryknoll: Orbis.
- Bosch, DJ. 1993. God's reign and the rulers of this world” in Van Engen, C, Gilliland, DS & Pierson, P (eds.) 1993. *The Good*

- News of the kingdom. Mission theology in the third millennium.* Maryknoll: Orbis.
- Bradshaw, B. 1993. *Bridging the gap. Evangelism, Development and Sjalom.* Monrovia, CA: MARC.
- Brouwer, R & Pleizier, T. 2005. Vitale gemeenten van nieuwe christenen. Globale impressies vanuit New York en Singapore. *Kerk en Theologie* 56(3):223-241.
- DeClaisse-Walford, SG. 2006. Led by the Spirit? Discovering the ethos of congregations that reach out. PHD Thesis, University of Pretoria. Study Leader: Prof Malan Nel.
- DeClaisse-Walford, SG. 2006a. How should the Church then live? "Holistic" congregations as models for church life. *Practical Theology in SA* 21(1): 61-85.
- Drescher-Pheiffer, KH. 2001. *Diakonische Gemeinde in der Grosstadt zwischen Kreuzerfahrung und Verheissung des Reiches Gottes.* Frankfurt a. M: Lang.
- Drummond, LA. 1972. *Evangelism - the counter revolution.* London: Marshall, Morgan & Scott.
- Drummond, LA. 1992. *The Word of the cross. A contemporary theology of evangelism.* Nashville: Broadman.
- Drummond, LA. 2002. *Reaching generation next. Effective evangelism in today's culture.* Grand Rapids: Baker.
- Ekström, B. 2003. The kingdom of God and the church today. *Evangelical Review of Theology* 27(4):292-305.
- Gibbs, E. 2000. *ChurchNext. Quantum changes in how we do ministry.* Downers Grove: Intervarsity.
- Green, M. 1990. *Evangelism through the local church.* London: Hodder & Stoughton
- Guder, DL. 2000. *The continuing conversion of the church.* Grand Rapids: Eerdmans.
- Hendriks, HJ. 1998. Kontemporêre evangelisasiebenaderings in Suid-Afrika. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 13(1):28-39.
- Hilborn, D & Horrocks, D. 2006. Universalism and evangelical theology: an historical theological perspective. *Evangelical Review of Theology* 30(3):196-218.
- Hoekendijk, JC. 1964. *De Kerk binnenste buiten.* Amsterdam: Ten Have.
- Hunsberger, GR. 1998: *Baring the witness of the spirit. Leslie Newbiggin's theology of cultural plurality.* Grand Rapids: Eerdmans.
- Kennedy, DJ. 1970. *Evangelism explosion.* Wheaton: Tyndale.

- King, P. 1996. *Good news for a suffering world*. Crowborough: Monarch.
- MacLaren, BD. (1998) 2000. *The Church on the other side: doing ministry in the postmodern matrix*. Grand Rapids: Zondervan. (The 1998 publication was titled *Reinventing your Church*.)
- Margull, HJ. 1959. *Theologie der missionarischen Verkündigung. Evangelisation als ökumenisches Problem*. Stuttgart: Evangelisches Verlagswerk.
- Moreau, AS. 2001. Church growth movement in Walter, AE. (ed.) 2001. *Evangelical dictionary of theology*. Grand Rapids: Baker Academic.
- Moynagh, M. 2001. *Changing world, changing church*. London: Monarch.
- Nel, M. 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion.
- Nel, M. 2000. *Youth ministry. An inclusive congregational approach*. Pretoria: Malan Nel.
- Nel, M. 2002. Serving them back. Making a case for service evangelism in youth evangelism. *Journal of Youth and Theology* 1(1): 65-87.
- Nel, M. 2004. *Who are we? Understanding and finding identity in the local church*. Pretoria: Malan Nel. Printed by Kitskopie.
- Nel, M. 2006. *Stories van hoop. Gemeentes wat in hulle konteks 'n verskil maak en hoop bring*. Vereeniging: CUM.
- Newbigin, L. 1983. *The other side of 1984. Questions for the churches*. Geneva: World Council of Churches.
- Newbigin, L. 1986. *Foolishness to the Greeks*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Newbigin, L. 1989. *The Gospel in a pluralist society*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Newbigin, L. 1995. *The open secret. An introduction to the theology of mission*. Revised edition. (First Published 1978). Grand Rapids: Eerdmans.
- Newlands, G. 2004. *The transformative imagination. Rethinking intercultural theology*. Hampshire: Ashgate.
- Osmer, RR. 1990. *A teachable spirit. Recovering the teaching office in the church*. Louisville: Westminster/John Knox.
- Packer, JI. 1961. *Evangelism and the sovereignty of God*. London: Inter-Varsity Fellowship.
- Pannenberg, W. 1989. *Christianity in a secularized world*. New York: Crossroad. Original title in German: *Christentum in einer säkularisierten Welt*. Translated by John Bowden.

- Prill, T. 2005. Evangelism, theology and the church. *Evangelical Review of Theology* 29(4):309-330.
- Rauschenbusch, W. 1997. *A theology for the social gospel*. (First published 1917). Louisville: Westminster John Knox.
- Rauschenbusch, W. 1994. Christianizing the social order in Atherton, J. 1994. *Social Christianity*. London: SPCK.
- Schweitzer, FL. 2004. *The postmodern life cycle. Challenges for church and theology*. St Louis: Chalice.
- Sider, RJ, Olson, PN & Unrug, HR. 2002. *Churches that make a difference. Reaching your community with god news and good works*. Grand Rapids: Baker.
- Song, M. 2006. Contextualization and discipleship: closing the gap between theory and practice. *Evangelical Review of Theology* 30(3):249-263.
- Tillich, P. 1948. *The Protestant era*. Chicago: University of Chicago.
- Van Aarde, A. 2006. Hoe om in te kom en hoe om binne te bly - die “groot sendingopdrag” aan die kerk vandag volgens Matteus 28:16-20. *HTS* 62(1):103-122.
- Van der Walt, IJ. 1985. *Die Evangelie aan afgedwaaldes. Handleiding vir evangelisasie*. Potchefstroom: Universum.
- Van Ruler, AA. 1989. *Calvinist trinitarianism and theocentric politics*. Translated by Bolt, J. Toronto *Studies in Theology* vol 38. Lewiston/Queenston/Lampeter: Edwin Meller.
- Van Engen, C, Gilliland, DS, Pierson, P. (eds.) 1993. *The good news of the kingdom. Mission theology in the third millennium*. Maryknoll: Orbis.
- Vercuil, J. 1978. *Inleiding in de evangelistiek*. Kampen: Kok.
- Vercuil, J. 1993. The Biblical notion of the kingdom. Test of validity for theology of religion, in Van Engen, C, Gilliland, DS, Pierson, P. (eds.) 1993. *The good news of the kingdom. Mission theology in the third millennium*. Maryknoll: Orbis.
- Walter, AE (ed.) 2001. *Evangelical dictionary of theology*. Grand Rapids: Baker Academic.
- Walzer, M. 1966. *The revolution of the saints. A study in the origins of radical politics*. London: Weidenfeld & Nicolson.
- Weth, R. (Hg.) 1998. *Wat hat die Kirche heute zu sagen. Auftrag und Freiheit der Kirche in der pluralistischen Gesellschaft*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchen Verlag.
- Wimber, J. 1990. *Power evangelism*. London: Hodder & Stoughton.